



GENERALE MISSIVE

Nuusbrief van die Stigting VOC 4/19
Newsletter of the VOC Foundation

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.

Internet: www.kaap-voc.org. **E-pos/E-mail:** vocinfo@voc-kaap.org **Skakel/Contact:** Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, 071-622-5792, e-pos: rodecb@icloud.com. **Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank:** Nedbank, Somerset-Wes. Rek.no. 1145512305. Rek. naam 'Stigting VOC Foundation.'

Welaen Vrunden!

Die Uitvoerende Komitee het op 25 Oktober die laaste kwartaallikse vergadering vir vanjaar gehou. By die mooigeleë Nitida Restaurant in die Tygerbergse heuwels, nogal; ons wou gaan kyk na die kanonbattery wat die entoesias Erik Kellerman en sy kamerade daar aangelê het, en hoe ons onderling kan saamwerk. Ons beplan 'n uitstappie daarheen in die komende jaar. Die volgende komiteevergadering is op 22 Februarie 2020, gevolg deur ons 25ste Algemene Jaarvergadering in Maart.

Babylonstoren

Van uitstappies gepraat: Op Woensdag, 20 November 2019 besoek ons met eie vervoer die 320-jaar oue Drakensteinse plaas Babylonstoren, waar die eienaar mnr J. Bekker besig is om interessante ontwikkelings aan te bring.

Ons ontmoet om 10:30 vm by die ingang na die agterwerf, tuin, restaurant, ens. Wat ons daar sal sien, benewens die plaaswerf en een van die mooiste Kaaps-Hollandse plaashuise, is die plaas se grondbrief uit 1693 deur Simon van der Stel onderteken, 'n kaart van die Skiereiland uit 1693-1695, die biblioteek met 'n seldsame en kosbare Atlas Blaeu Van der Hem (hieroor sal die oud-biblioteekhoof Piet Westra ons vertel), 'n toer geleë deur die hoof tuinier, me. Liesl van der Walt deur die tuin met rare plante, (o.a. 'n boomtamatie en 'n witwyn-appelboom, gekweek van materiaal uit Nederland bekom), wat by die Speseryetuin sal eindig. Vir die middagete is ons mnr Bekker se gaste. Die plaasbestuur moet dus weet hoeveel van ons daar gaan wees.

Laat my asseblief **voor 16 November** weet as u van plan is om saam te gaan.


RSVP aan my e-posadres, soos: 'Jan, San en Kosie Smit gaan saam Babylonstoren toe.'

Daar is 'n minimale toegangsfooi by die hek te betaal.

*Teken asseblief die datum van dié uitstappie aan; hierdie is ons laaste nuusbrief vanjaar.

Lesing: Bokbaai

Ons sluit die jaar af met 'n geïllustreerde praatjie oor 'n pragtig geleë plaashuis met die nie-amptelike naam Bokbaai, 'n hele paar mites en 'n buitengewone geskiedenis wat pas deur Africana Uitgewers gepubliseer is. Op die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede se bronsplaat staan dat die VOC vroeg in die Agtiende Eeu die geboue by Bokbaai opgerig het en boukalk van seeskulpe daar gebrand het. Was dit so, of wie het daardie huise gebou en wat het in werklikheid daar gebeur?



Van die oudste en bekendste geboue in Kaapstad en elders in die Skiereiland, waarvan verskeie vandag nasionale en provinsiale gedenkwaardighede is, is met Bokbaai se messelkalk gebou. Hier is net enkeles: die huidige Slawelosie Museum-gebou bo in Adderleystraat, die muur rondom die Kompanjies tuin, die Groenpunt-vuurtoring, die Mamre-kerk, en so gaan die lys voort.

Bokbaai se argitektuur is Kaapse barok in die ware sin van die woord. (*baroque* is 'n ou juweliersterm vir 'n misvormde pêrel.) Soos u sien bestaan die gebou uit 'n T-vormige gewelhuis, waarvan die dwarsbalk verbou is tot 'n langhuis. 'n Rare pêrel, inderdaad. Lord Charles Somerset, afgetree en woonagtig in Londen, het dit in 1827 as *'the house at the edge of the sea'*, beskryf.

Die plaas is beroemd vir sy veldblomme; dit is waar o.a. die bokbaai-nygheid vandaan kom. Dit het verhale en legendes van skepe, grafte, koloniale-, sosiale- en politieke geskiedenis, stories oor mense soos opsigter Johann Kübe - sy nageslag bestaan nog - die veroordeelde misdadigers wat die kalk gebrand het en die Duckitt-familie wat die plaas 130 jaar lank getrou bewaar het. Die plaas is reeds 'n provinsiale gedenkwaardigheid en 'n provinsiale natuurreservaat. Wat hou die toekoms vir Bokbaai in? Die eienaar, die Mapula Trust ('n filantropiese familietrust) het wonderlike planne vir die mooi, afgesonderde ou plaas. Wanneer die restaurasie van die geboue voltooi is, sal ons aansoek doen om daarna te gaan kyk.

Die boek *Bokbaai, the farm and its people*, sal teen R200 (kontant) elk te koop wees.

Titel: Bokbaai, die onbekende buitepos.

Datum: Saterdag, 7 Desember 2019

Tyd: 10:30

Plek: SASNEV, Pinelands

Parkering: Gratis. Tee en koffie (eie rekening).

Uitgebreide lidmaatskap

Ons Stigting het as korporatiewe lid by die volgende bewaringsinstansies aangesluit:

Vriende van die Kompanjies tuin

Durbanville Erfenis-vereniging

Agulhas Erfenis-vereniging

Die doel hiervan is om onderling steun by bewaringswerk te verleen en ook om inligting oor ons eie werk bekend te maak.

Waar val die appel?

Me Elize-Marie Steenkamp het op 17 April 2019 'n berig geplaas met die titel *'Witte Wijnappel back in Company's Garden'* (klik asb. aangehegte skakel)

<https://www.hortgro.co.za/news/wittewijn-apple-back-in-companys-gardens/>



Die berig noem dat die boompie gekweek is van stammateriaal wat uit Nederland bekom is. Dan skryf sy dat die eerste appel op 17 April 1662 in die Kompanjiestuin gepluk is, waarmee die uitgebreide appelrywerheid in die Wes-Kaap gestig is.

Wat sê die Kompanjie se Dagregister oor Maandag, 17 April 1662? ‘*Heeden sijn de eerste 2 rijpe Hollantse appelen affgepluct in Compagnie’s fockboomgaard van een boomptjen niet boven 5 voeten hoog, genaemt wijnappel...*’ [D.B. Bosman (red.): *Dagregister ... (van) Jan van Riebeeck, deel III* (Kaapstad, 1957.) p. 456.] Goed en wel; persoonlik is ek van mening dat die Kompanjie se boomkwekery by die meer vrugbare, windstil en waterryke buitepos ’t Nieuwelant (gestig 1656) was en nie in die Kompanjiestuin nie. Op ’n ongedateerde kaart van die buitepos word dit die ‘*berceau*’ (Frans: wieg, bakermat of kwekery) genoem. Maar die datum van die ‘appelrywerheid’ se ontstaan is belangriker. Van Riebeeck het vyf jaar tevore, in Augustus 1657 die jag *Maria St Helena*-eiland toe gestuur om daar perde, varke en lemoen- en appelboompies vir die Kaap te gaan haal. [A.J. Böeseken (red.): *Resolusies van die Politieke Raad, deel I, 20.8.1657*. (Kaapstad, 1957), p.111.] Watter appelfrome, die Portugese of die Hollandse, sou eerste hulle vrugte gedra het?

Derde maal is skeepsreg

Deel van ons Suid-Afrikaanse erfenis is die Kompanjie se seetaal, wat vir moderne Afrikaanse taalkundiges effens troewel water is. Kyk byvoorbeeld wat ‘die handboeke’ sê oor die oorsprong van die idioom ‘*om lood te swaai*.’ Ek vind dit komies, en jammer dat akademici geneig is om aannames te maak en te versprei. Is dit ’n teken van die kwaliteit en peil van ons onderwys?

Ek lees al van wanneer af - maar hoor nou minder en minder - die uitdrukking ‘*derde maal is skeepsreg*’ (ook ‘*derde keer*’ of ‘*derde slag*,’) sonder om ooit te weet wat dit beteken. Maar jy word inderdaad nooit te oud om te leer nie. Ons weet dat onderoffisiere op die Kompanjie se skepe die matrose met ’n ‘*endje touw*’ aangejaag het om meer spoed by die werk te lewer. Maar net twee slae. As daar ’n derde slag was mag die matroos terugslaan. Dit was die gewoontereg op skepe. [H. Ketting: *Leven, werk en rebellie aan boord van Oost-Indiëvaarders, 1595-1650*. (Amsterdam, 2002.) p. 296.]

Hier is nog ietsie uit die VOC-terminologie: ‘*kiaathout*’ kom van ‘*kijaat*’, ’n samestelling van *ki* (boom, in die Soendanees) + *jatti*, die spesienaam. Hierdie bome is ’n tyd lank vir mashout in Batavia gebruik, maar dit het die skepe onstabiel gemaak omdat die maste te swaar was. [Pieter van Dam: *Beschrijvinge...*, boek 2, deel 2, p.122]

Ons Bewaringsfonds

Ons herinner ons lede graag dat geldelike bydraes aan ons Stigting se Bewaringsfonds altyd welkom is. Die koste van bewaring styg jaarliks, ons regering spandeer minder en minder daarop en die gevolglike verval is oral te sien. Oorweeg asseblief skenkings en erflatings.



VOC-boeke

Ek wil graag die versameling VOC-boeke van die Nederlandse biblioteek by SASNEV ten sterkste by ons lede aanbeveel. Daarin kan u na hartelus lees oor die tyd en dae van die 'loffelijke Compagnie,' sy ontstaan en groei, omvang, rykdom, mag, hoë (en lae) daede, sy personeel en wêreldwye nalatenskap. Hier is twee voorbeelde van die skat van boeke:

G. Knaap en G. Teitler (reds.): *De Verenigde Oost-Indische Compagnie. Tussen Oorlog en Diplomatie*

Die bundel is die produk van 'n konferensie van historici, gewy aan die tema van oorlog en diplomatie in die VOC-diens. Klem word hierin gelê op die Kompanjie se 'staatlike funksies,' wat deur sy Oktrooi van 1602 verwerf is. Daar word bespreek hoeveel van die begroting aan verdediging bestee is, watter uitgangspunte by vestingbou in ag geneem is, hoe die Portugese die Nederlandse aanvalle in die Ooste ervaar en hanteer het en watter taktiek en strategie in verskillende oorloë gebruik is. Wat was die magsverhouding tussen die VOC en sy verskillende opponente, waarom en hoe is Asiate vir die Kompanjie se saak gewen en kon militêre alliansies met sommige potentate gevorm word? Met groot Oosterse keiserryke soos die van China, Japan, Persië en die Indiese moguls kon militêre optrede nie eens oorweeg word nie, en was nederigheid en versigtige diplomatiek nodig vir sukses in die handel. Daar word ook aandag gegee aan die vreemde en komplekse diplomatieke rituele, wanneer met die Chinese keiserryk en die Molukse sultans en rajas onderhandel is.

[G. Knaap en G. Teitler (reds.): *De Verenigde Oost-Indische Compagnie. Tussen Oorlog en Diplomatie*. KITLV Uitgeverij, Leiden. 2002. 424 bls., voetnotas, kaarte, illustrasies, bronnelys, register.]




P.Grimm (hoofred.): *Heeren in Zaken. De Kamer Rotterdam van de Verenigde Oostindische Compagnie*

Hierdie is die eerste boek oor Kamer Rotterdam se rol ten opsigte van die VOC, waar hy een van die kleiner Kamers was met 'n enkele lid (soms twee) in die vergadering van Here

Sewentien. Dit lê 'n uitgebreide netwerk van familiebetrekkinge, ampte en funksies van die plaaslike handelselite bloot, wat belangrike posisies in die Kamer en 'n aandeel in die winsgewende Oosterse handel verseker het. Bekende VOC-retoerskepe soos *Blijdorp*, *Huis ten Donck*, *Huis te Crooswijk*, *Rodenrijs* en *Slot Capelle* is genoem na die buiteverblywe en lushowe van dié 'havenbaronnen.' Die Kamer se aktiwiteite, die personeel en die Kompanjie se ekonomiese betekenis vir die stad Rotterdam word ook beskryf. Merkwaardig is Kamer Rotterdam se afstand van die see, die vlakheid van die Maasmonding en die moeite waarmee sy skepe die stad langs binnelandse waterweë moes bereik. 'n Kaart van die maritieme situasie uit die betrokke boek word hier geplaas, omdat dit 'n Sewentiende Eeuse grappie verklaar. U ken reeds die een oor die 'kleine visserij' (walvisvangs) en 'grote visserij' (haringsvangs) waar die verwysing eintlik na tonnemaat is. Daar is destyds gesê 'Goeree is halverwege Java,' (halfpad Java toe) wat natuurlik nie in seemyle gereken moet word nie, maar die hoeveelheid werk wat nodig was om 'n skip van Goeree ('goede reede,' veilige ankerplek) af tot by Delfshaven of Rotterdam en terug te bring.

Vanwege de ondiepte van de Maas, moest een lange omweg naar zee worden gemaakt. Goeree lag 'halverwege Java'.



[P.Grimm (hoofred.): *Heeren in Zaken. De Kamer Rotterdam van de Verenigde Oostindische Compagnie*. Walburg Pers, Zutphen. 1997. 112 bls. Inhoudsopgaaf, illustrasies, kaarte, eindnotas, bronnelys, Engelse opsomming.]

Amsterdam Museum laat vaar die begrip 'Goue Eeu'

Die Amsterdam Museum, waarin die ontwikkeling van die Nederlandse hoofstad uitgebeeld word, het besluit om nie langer die uitdrukking "Gouden Eeuw" te gebruik waar dit om die Sewentiende Eeu gaan nie, omdat die naam nie volledig en inklusief is nie. Die term Goue Eeu is dikwels gebruik om die belangrike tydperk van vooruitgang en opbloei op die gebied van handel, seevaart, ekonomie, kunste en wetenskap in die Nederlandse geskiedenis, en beslis ook in die ontwikkeling en vooruitgang van die Westerse beskawing te beskryf. Die Museum wil graag ander perspektiewe op die Sewentiende Eeu toelaat of moontlik maak.

Volgens Tom van der Molen, die konserveerder Sewentiende Eeu van die Amsterdam Museum skep die uitdrukking 'n eensydige en te rooskleurige beeld van die tyd, wat die strewe na meervoudige perspektiewe op die geskiedenis en inklusiwiteit verhoed. Positiewe assosiasies met die begrip 'Goue Eeu' soos vrede, voorspoed, vrede, weelde en onskuld verbeeld nie die historiese werklikhede in die tyd nie. Dit beskou die tydperk hoofsaaklik uit die perspektief van die destydse

maghebbers en skenk geen aandag aan die vele negatiewe aspekte soos oorlog, armoede, mensehandel en dwangarbeid nie. Die Museum wil die stories vertel van mense wat nog nie tevore gehoor is nie, in 'n omgewing wat vir elkeen relevant is en waar alle mense welkom voel.

Maar die Amsterdamse Rijksmuseum, waar vele uitstallings ook aan die Sewentiende Eeu gewy is, wil die begrip 'Gouden Eeuw' handhaaf. Direkteur Taco Dibbits sê: *'De naam slaat op een periode in de geschiedenis van grote welvaart. Dat neemt niet weg dat wij de schaduwzijde hiervan erkennen. Het Rijksmuseum benadert de geschiedenis vanuit verschillende perspectieven. Zo openen we volgend jaar een tentoonstelling over slavernij.'*

Minister Van Engelshoven (D66-party) van Onderwys, Kultuur en Wetenskap in die Nederlandse regering sê dat hy nie weet of dit verstandig is om die uitdrukking Goue Eeu te laat vaar nie. 'Vir my is dit die 17de eeu én die Goue Eeu. Ons noem dit nou eenmaal so. Dit was ook 'n goue eeu vir die handel en die kuns.' [Berig ontvang van Kamer Antwerpen.]

Suiderseestadtjies

Ons susterkamer Antwerpen het op toer gegaan van die antieke Hollandse stadjies wat op die wal van die Suidersee gestaan het, en deur drooglegging daarvan afgesny is. Klik op hierdie skakel vir die artikel en die baie mooi fotos:

<https://vockamerantwerpen.be/fotoalbum/zuidzeestadjes-19-22-september-2019/>

Van der Stel-plase

Benewens die Kompanjie se buitepos Hottentots-Holland, wat goewerneur W.A. van der Stel hom in 1700 toegeëien het, het hy in die Overberg - toe in daardie streek nog geen weidings aan vryburgers beskikbaar gemaak is nie - sy eie 18 000 skape en 1000 beeste op nie minder as sestion veeposte binne die Chainouqua en Hessequa se weiding aangehou. Die poste se name is deur Adam Tas en Jacobus van der Heyden in die *Contra-Deductie* bekend gemaak; dit was De Bot Rivier, Rustenburg, De Boontie Kraal, De Vesante Kraal, De Warmwaters Kraal, De Swarte Rivier, De Sergiants Rivier, De Quartels Rivier, Het Sieken Huys, De Vleermys, De Hartebeesten Kraal, De Leeuwe Kraal, De Tygerhoek, De groote Vlakte, Welgelegen en Wytgelegen. Die weidings was in die waterryke gebiede langs die Riviersonderend en Botrivier. Warmwaterskraal was naby Caledon, Tygerhoek is nou die dorp Riviersonderend, en by De Hartebeesten Kraal is die sendeling Schmidt in 1737 geplaas. Wytgelegen, '60 uur gaans van de Kaap,' sou nie ver van die Breederivier (Swellendam-omgewing) wees nie.

Behouwe vaert / Selamat jalan

D. Sleight (Dr): Redakteur

Jean Sleight: Tegnies

11 November 2019

=====